


**7 Weke in die Tuin**
**Week 7: OES**
**Galasiërs 6:1-10**


**Inleidend**
Die afgelope Sewe Weke bevind ons onsself in die tuin. Die tuin funksioneer as 'n metafoor van God se woonplek, dit is waar God teenwoordig is. Sy bedoeling met die mens en sy doel met die ganse skepping is intimiteit, groei, oorvloed, lewe, vrugbaarheid en vreugde.

Ons het ontdek God is die Tuinier, die een wat met liefde ons lewens bewerk, wat saad plant, wat groei moontlik maak, wat met deernis snoeiwerk doen, sodat ons lewens kan groei en meer vrug kan dra.

Ek wil julle herinner aan ons teksgedeelte van verlede week in Johannes 15 en in die besonder aan vers 4 en 5 waar Jesus sê: *Julle moet in My bly en Ek in julle. 'n Loot kan nie uit sy eie vrugte dra as hy nie aan die wingerdstok bly nie, en so julle ook nie as julle nie in My bly nie. "Ek is die Wingerdstok en julle die lote. Wie in My bly en Ek in hom, dra baie vrugte."*

Hoor die uitnodiging en belofte hierin: Wanneer jy in God bly en God in jou **is daar baie vrugte** en is die **OES GROOT**!

Hierdie **IN God bly** word gekenmerk deur vier aspekte: Intimiteit, Vryheid, Vrugbaarheid en Vreugde.



**Galasiërs**
Die brief wat Paulus aan die gemeentes van Galasië skryf is juis om hulle te waarsku teen alles wat maak dat hierdie lewe **IN Christus** in gedrang kom.

'n Lewe in Christus en in die Gees skryf Paulus word gekenmerk deur die vrug van die Gees.

**Galasiërs 5:22-26**
Die vrug van die Gees, daarteenoor, is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing. Teen sulke dinge het die wet niks nie. Dié wat aan Christus Jesus behoort, het hulle sondige natuur met al sy hartstogte en begeertes gekruisig. Ons lewe deur die Gees; laat die Gees nou ook ons gedrag bepaal. Ons moenie verwaand wees, mekaar uittart of op mekaar afgunstig wees nie.

Ons word geroep en genooi tot 'n lewe in Christus van Intimiteit, vrugbaarheid en oorvloed tog beleef ons almal dikwels eerder die lewe wat Paulus skets in Gal 5:19 van vyandskap, haat, naywer, woede, rusies, verdeeldheid, skeuring ens.
In my nadenke die week lees ek die werk van Henri Nouwen wat hieroor skryf en noem dat vrugbaarheid begin by die intieme wete dat ek God se geliefde is, dat ek aan God behoort, en in die lewe van oorgawe, verbondenheid en intimiteit groei die vrug van God se Gees...maar dan skryf Nouwen die een enkele faktor wat die grootste invloed het op ons vrugbaarheid is VREES. Vrees is nie net 'n emosie nie, maar 'n innerlike mag wat begin bepaal hoe ons leef, liefhet en uiteindelik vrug dra.

Ons leef in 'n wêreld met soveel vrees: Buite om ons a.g.v eksterne faktore en gebeure, maar ook met innerlike vrees.
Vrees sny ons af van God se liefde en mens begin leef uit selfbeskerming eerder as vertroue en oorgawe. Soos 'n tak wat nie aan die wingerdstok bly nie.

**Vrees dryf ons na vals vrugbaarheid – produktiwiteit:**
Jy probeer jouself bewys.
Jy werk harder om beheer te kry.
Jy meet jou waarde aan prestasie.
Die vrug is oppervlakkig en put mens uit.
Vrees kan jou produktief laat lyk, maar innerlik onvrugbaar maak.

**Vrees lei tot steriliteit in verhoudings:**
Jy vertrou mense minder.
Jy beskerm jouself emosioneel.
Sukkel om werklik lief te hê.
Vrees laat jou fokus op jouself en eie belange. Verhoudings raak vlak en oppervlakkig en vrugbaarheid verdwyn.

**Maar liefde,** nie vrees nie, is die grond vir vrugbaarheid.

Wanneer jy in God se liefde bly en leef, ontspan jy jou greep op beheer, word jy oper vir ander, leef jy met 'n sagter hart en kyk jy met genadiger oë en vloei die vrug van Sy Gees in jou lewe: liefde, vreugde, vrede, goedhartigheid ens.